Voorslag Opsomming.

Waarom Voortrekkers.

Die Voortrekkers is 'n Kultuurbeweging vir die Afrikanervolk in die besonder gerig op sy jeug.

1. **Wie is Vader Visser?**
   Hy het die Voortrekkerbeweging gestig , hy het ook Die Voortrekkers hulle naam gegee.

2. **Wanneer en waar is Die Voortrekkers gestig en die vlag in gebruik geneem?**
   Op 30 September 1931 in Bloemfontein.

3. **Hoekom het Die Voortrekkers en die Boy Scouts nie saamgesmelt nie?**
   Daar kon nie ooreengekom word, oor die vlag, die belofte, godsdiens en taal nie. Kultuur

4. **Waar is die eerste kommando gestig?**
   In Bloemfontein – By die Hoërskool Sentraal .

5. **Wie lyf die eerste Voortrekkers in, op watter datum en waar?**
   Generaal. J.B.M. Hertzog , 30 September 1931; Bloemfontein .

6. **Wie was die eerste Hoofleier van Die Voortrekkers?**
   Dr. N.J. van der Merwe. Hy het ook ons leuse Hou Koers aan ons gegee.

7. **Hoofleiers van Die Voortrekkers**
   Dr NJ van der Merwe (1931 – 1940)
   Dr CF Visser (1940 – 1959)
   Dr J de V Heese (Oom Japie) (1959 – 1966)
   Mnr JFP Badenhorst (1966 – 1981)
   Prof CWH Boshoff (Oom Carel) (1981 – 1989)
   Ds JPL vd Walt (1989 – 1997)
   Prof TP Dreyer (Oom Tom) (1997 – 2001) – Hartenbos Kongres
   Prof Piet Strauss (2001 -) huidige leier - Pretoria Kongres

8. **Wanneer is die Voortrekkermonument voltooi?**
   In 1949 .

9. **Noem vier geleenthede waar Die Voortrekkers betrokke was?**
   Landswye Fakkellope 1938
   Van Riebeeckfees 1952
   Hoeksteenlegging van die Voortrekker Monument 1938
   Republiekfees 1961
   Taalfees – inwyding Taalmonument in die Paarl 10 Oktober 1975
   Inlywing Bloedriviermonument 13-17 Desember 1971

10. **Wie was die eerste Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika?**
    Advokaat C.R. Swart – 1961. Hy was ook 'n Voortrekker.

11. **Wanneer kry die eerste Presidentverkenners hul balkies?**
    1966.

12. **Wie het die naam Penkoppe en Drawwertjies uitgedink?**
    Oom Japie Heese (Dr J de V Heese) (wenk - hy roep homself 'hees' agter PD's aan)

13. **Kleurkodes - Altyd in die volgorde:**
    oranje, groen, blou, rooi, silwer, goud.

14. Die Grondslag

Die grondslag van Die Voortrekkers is die Woord en Skeppingsopenbaring van God Drie-Enig.

Dit bepaal my totale optrede en gesindheid teenoor my volk, my land en my medemens.
God Drie-enig = Fondament waarop Die Voortrekkers gebou is.
Woord = Bybel
Skepping = alles op die hele aardbol en die heelal
Openbaring = bekendmaak.

15. Die Wese

Die Voortrekkers is 'n outonome kultuurbeweging vir lede van die Afrikaner volk, in besonder sy jeug, gerig deur 'n Bybels- Christelike lewens- en wêreldbeskouing tot 'n lewenswyse van eer aan God en diens aan volk, land en medemens.

16. Die Voortrekkerkode

'n Voortrekker ……

- glo in die Drie Enige God en dien Hom *('n kind van God wees)* *} handel oor*
- lei 'n Christelike lewe *(lewe so dat ander Jesus in jou sien)* *} GOD*

- aanvaar gesag *(gehoorsaam wees vir ouer persone asook die regering)* *} hierdie 3 handel*
- hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere *(praat suiwer Afrikaans en kultuur) } oor VOLK*
- leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop *(onthou die verlede van die volk en bou daarop)*

- waardeer en bewaar sy omgewing *(liefde vir natuur - dit nie beskadig nie* *} handel oor*
- is 'n goeie landsburger *(trots op ons mooi land en vlag)* *} LAND*

- neem leiding *(rigting gee en neem) (ook beheer oor jou eie lewe)* *} handel*
- is oplettend en weerbaar *(is bewus van wat om hom aangaan = paraat)* *} oor*
- is diensvaardig *(help ander sonder om gevra te word)* *} MEDEMENS*

17. Penkop- en Drawwertjie Belofte ('n belofte is wanneer 'n mens inwillig om iets te doen)

Ek sal	*gemotiveerd*
oral	*enige plek*
en altyd probeer	*al kry jy dit nie altyd reg nie*
om 'n Voortrekker te wees,	*doen alles wat van jou verwag word as Voortrekker*
om gehoorsaam te wees,	*om na ander te jou meerderes te luister*
om my volk	*mense wat soos ek leef, dink, doen*
my land	*die plek waar ek woon*
en my medemens	*die mense rondom my*
te dien	*gee en help*
en bo alles	*die belangrikste*
Die Here lief te hê	*om aan God gehoorsaam en getrou te wees*

18. ABC van Die Voortrekkers

A = Afrikanerskap *(kultuurbeweging vir die Afrikanervolk – diens aan volk)*
B = Burgerskap *(diens aan land en medemens)*
C = Christenskap *(bybels Christelike lewens- en wêreldbeskouing – eer aan God)*

19. Wie het die Voortrekkerwapen ontwerp?

Professor. B. Taute. 1931 (wiel+fakkel motief)(wenk kinderwapen=kettie=houte – klink soos 'taute')

20. Wie het die Leuse voorgestel?

Dr. N.J. van der Merwe (blou lint met leuse Hou Koers)(grappies=vdMerwe=woorde=leuse= woorde)

21. Waaruit bestaan die Voortrekkerwapen en wat is die simboliek van die verskillende dele?

1. **Voorwiel** van 'n Kakebeenwa - het 10 speke, bind ons aan Groot Trek, gee rigting, bepaal die koers, dui op beweging en vooruitgang, stewigheid, betroubaarheid, diensvaardigheid, eenheid en samehorigheid, altyd beter altyd vorentoe.
2. **Brandende** fakkel dui - lig van die Christelike en Westerse beskawing aan – lewe as 'n positiewe voorbeeld vir ander.
3. Die **Leuse** stel voor (op blou lint) - as aansporing om Koers te hou en die pad te volg wat deur die Bybel, ons ouers en Voortrekkerkode as rigtingwysers aangedui word.

22. Uit watter kleure bestaan die Voortrekkerwapen ?

Voortrekkervlag se kleure Rooi, Wit en Blou.

23. Wat is die doel van die Voortrekkerwapen?

Bind ons as Voortrekkers aan mekaar en dra die **boodskap** van 'n jeugbeweging wat wil help bou aan die Christen-Afrikanervolk en aan Suid-Afrika.

24. Wat is die gebruike van die Voortrekkerwapen?

-word hoog op die linkerkant van die erkenningsbaadjie(onderbaadjie) gedra.
-word op alle lektuur gebruik.
-mag net in verhouding geteken word.
-regte kleure van die wapen moet gebruik word.
-verskillende dele van die wapen mag apart gebruik word.
-versiering en gebruiksartikels,
-die wapen mag nie onteer word nie.
-die wapen mag nie by politieke byeenkomste gebruik word nie.

25. Wat beteken 'n eie vlag?

Dat die land onafhanklik is en dus sy eie regering het en sy eie wette maak. Omdat dit ons land se Nasionale vlag is moet ons die nodige respek en eerbied daarvoor betoon.

26. Wanneer is die nuwe landsvlag ingebruik geneem?

27 April 1994.

27. Hoeveel keer is 'n vlag langer was wat hy breed is?

Altyd 1 1\2 keer sy breedte.

28. Wat is die grootte van die Stormvlag?

90 cm x 60 cm – en word gehys in slegte weer en storm wind .

29. Wat is die grootte van die Standaardvlag?

180 cm x 120 cm – en word gehys van sonsopkoms tot sonsondergaan.

30. Wat is die grootte van die Seremoniëlevlag?

270 cm x 180 cm – en word gehys by spesiale seremonies.

31. Van watter Republiek was die Voortrekkervlag voorheen die vlag?

Republiek van Natalia.

32. Wie het voorgestel dat dit die Voortrekkervlag word en wie het die eerste vlag gemaak?

Mev M.M Jansen(-sy was ook ons eerste onderhoofleidster)(wenk – tannies werk met lap, vlag= lap)

33. Noem 'n paar vlagrëels:

-nie brand nie
-mag nie op grond sleep nie
-mag nie as tafeldoek gebruik nie
-mag nie tussen pale deurloop as vlae gehys is nie
-mag nie in donker hang sonder 'n lig wat daarop skyn nie
of tydens slegte weer hang nie (gebruik dan stormvlag 190 x 60)

26. Noem die vlagkode:

-vlae moet goed versorg word
-vlae mag nooit die grond raak nie
-alle Voortrekkers staan op aandag as die vlae gehys word
-die Landsvlag hang links as ons in die rigting van die vlagpale kyk

27. Hoe word vlae versorg?

-word opgerol gebêre
-afgeleefde vlae moet seremonieël verbrand word en nie net weggegooi word nie
-vlae word met die nodige eerbied hanteer wanneer dit gebruik word.

28. Wanneer word vlae gebruik?

-Die Nasionale en die Voortrekkervlag word by die volgende geleenthede gebruik:
-Vlagseremonies – binnenshuis sowel as buitenshuis
-optogte
-volksfeeste
-spesiale geleenthede

29. Hoe lyk die Voortrekkervlag en wat is die simboliek/betekenis van die vlag?

Rooi – Dapperheid en Durf
Wit - Reinheid en Vrede
Blou – Heldere en hoopvolle vooruitsig

Plak vlag

30. Hoeveel kleure is in die Nasionalevlag en noem die kleure?

6 – rooi, blou, wit, groen, geel, swart.

Plak vlag

31. Wat is die simboliek/betekenis van die Nasionalevlag?

Ineenskakeling van verskeie strome in die SA samelewing wat verenig die pad vorentoe aandurf.

32. Wie het die Vlaglied geskryf?

C.J. Langenhoven.

33. Wie het dit getoonset/musiek gekomponeer?

F.J Joubert.

34. Wie was die skrywer/digter van die Die Stem?

C.J Langenhoven.

35. **Wie was die komponis van Die Stem?**
Ds. M.L de Villiers- 2Mei 1957- Volkslied.

36. **Wie was die digter/skrywer van Nkosi Sikelel'i Afrika?**
Enoch Sontongo -1897-. Die lied was ook die Nasionale Lied van Transkei en is beter bekend as 'n Gebedslied.

37. **Wie was die komponis van Nkosi Sikelel'i Afrika?**
Onbekend

38. **By watter Voortrekkergeleenthede word die Nasionale Lied gesing?**
-Vlagseremonies.
-Volksfeeste.
-Voortrekkerbyeenkomste soos inlywing, afsluitingsfunksies, ens.

39. **Uit watter liedere bestaan die Nasionale Lied en wanneer is die lied aanvaar?**
-Die Stem en Nkosi Sikelel'I Afrika
-Oktober 1997

40. **Watter liedere word gesing met vlagseremonies?**
Die Stem, Vlaglied, Nasionale Lied

41. **Hoe begin die vlaglied?**
Nooit hoef jou kinders wat trou is te vra: Wat beteken jou vlag dan, Suid-Afrika? Ons weet hy's die seël van ons vryheid en reg vir naaste en vreemde, vir oorman en kneg; Die pand van ons erf'nis geslag op geslag, om te hou vir ons kinders se kinders wat wag; ons nasie se grondbrief van eiendomsland, uitgegee op gesag van die Hoogse se hand. Oor ons hoof sal ons hys, in ons hart sal ons dra, Die vlag van ons eie Suid-Afrika.

42. **Wat is die korrekte optrede tydens die aanhoor en sing van die Nasionale Lied?**
-gehoor staan op aandag
-as lied deel van opvoering is bly gehoor sit
-hoogste gesag salueer
-saluutoffisier sing nie saam nie

43. **Hoekom salueer ons?**
As eerbetoon

44. **Watter knope word by vlaghysing gebruik?**
-voorslagknoop
-kniehalter

45. **Tydens seremonies**
Hoeveel tree gee die merkers vorentoe tydens vlagseremonies?
5
Wat is die afstand tussen die merker en die pale/
7 treë
Wat is die afstand tussen pale?
5 treë
Wat is die afstand vanaf offisiere (agterste ry) tot by vlagdraers?
5 treë
Op watter voet word die halt bevel gegee?
Linker
Wie gee bevele tydens vlagseremonie?
Seremonieleier
Wanneer word die toepaslike lied aangehef tydens 'n vlaghysingseremonie?
Sodra landsvlag ontplooi het
Aan watter kant van die seremonieleier word die landsvlag gehys?
Regs

Reëlings voor die seremonie

- Wys funksionarisse aan (4 vlagdraers, 1 saluutoffisier, 1 godsdiensoffisier en 2 merkers) en maak seker hulle weet wat om te doen
- Is die plekke uitgemerk waar funksionarisse moet staan
- Is die aantreeplek uitgemerk vir die groep
- Waar die merkers en vlagdraers moet staan
- Kontroleer beide vlae om te sien of hulle reg opgerol is, toue korrek, 'stokkies' pas in hystoue?
- by vlagstokke moet die vlae korrek vasgemaak wees.
- Gaan hystoue ook na – katrolletjies reg?, ens
- Reël met iemand om lied in te sit en noem die lied – maak seker die persoon weet wanneer
- Voortrekkerdrag moet netjies en korrek wees.

Tydens seremonie

-Praat hard en duidelik – ken jou bevele
-Dink wat jy sê en wag op reaksie
-Staan regop, kyk voor jou en tree beslis op
-Hanteer onverwagte foute met grasie en stel dit reg

Watter kant word watter vlag gehys as jy vir die vlagpale kyk (Vanuit die groep gesien)

Landsvlag (Links)
Voortrekkervlag (Regs)
(Of onthou : Landsvlag altyd aan seremonieleier se regterkant)

Wat wil ons met seremonies bereik

As lid van groep leer jy om met ander saam te werk, eenvormigheid
Leer om fyn na opdrag te luister
Leer om gesag te aanvaar deur bevele uit te voer
Bring nodige eer en respek aan ons simbole
Ervaar die heerlike gevoel van trots en prestasie as jy deel van netjiese drilgroep is

46. Met watter voet beweeg jy van "op die plek rus" na "aandag"?

Linker
(Of watter voet staan stil as jy van aandag na op die plek beweeg = regtervoet)

47. Wanneer die kommando aantree, na watter kant rig die seuns? (Die antwoord gaan afhang van die grootte van die kommando en die opstelling vir die seremonie)

Regs (Seuns en dogters rig altyd na die spanleiers toe)

48. Watter vlag word altyd eerste ontplooi en laaste gestryk?

Landsvlag

49. Op watter datum is die ou landsvlag in gebruik geneem?

31 Mei 1928.

50. Waar word die voorslagknoop gebruik?

Om die dun toutjie van die vlag aan die dikker tou van die vlagpaal vas te maak, by seremonies.

51. Waar word die kniehalterslag gebruik?

Om die vlagpaal

52. Wat om te doen as die volgende tydens jou seremonie gebeur:

As Landsvlag nie ontplooi nie – styk altwee vlae en begin weer
As Voortrekkervlag nie ontplooi nie – los so en maak reg na seremonie
As Landsvlag voor die tyd ontplooi – dadelik Die Voortrekkervlag ooptrek
As Voortrekkervlag ontplooi voortydig – stryk altwee en hys altwee oop. Onthou sing dadelik sodra landsvlag oop is/gaan)
As vlagdraers voor by pale kom en hulle staan verkeerd om (vlae aan verkeerde kant) seremonieleier stuur hulle terug en begin weer van agter af.
Onderstebo – herstel begin weer by pale
Die vlagtoue van die Landsvlag van die paal loskom – herstel en begin weer van voor

Die vlagtoue van Die Voortrekkervlag van die paal loskom – herstel en begin weer van voor
Iemand flou val tydens seremonie – stel veldkornette aan wat help as dit gebeur
Die godsdiens- of saluutoffisier nie opdaag nie – seremonieleier moet voor die seremonie seker maak dat almal wat deelneem aan die seremonie wel daar is. Indien iemand nie opgedaag het nie, moet seremonieleier vinnig reël vir iemand anders.
Die persoon wat die landsvlag hanteer, nie die knope kan maak nie - mag nie gebeur nie – seremonieleier moet vooraf seker maak persone weet wat om te doen!!
As pale nie ewe lank is nie – kyk of jy dit so kan opstel dat die landsvlag aan die langer paal gehys word en hys landsvlag tot bo

53. <u>Wanneer is die Nasionale vlag van Namibië in gebruik geneem en hoe lyk die vlag?</u>
21 Maart 1990 saam met onafhanklikheid
Blou driekhoek bo met rooi diag onale streep daaronder en groen driehoek onder met geel son in blou driehoek

Plak vlag

54. <u>Hoe lyk 'n spanvlag en wanneer word dit gebruik?</u>
Dit is die embleem van 'n dier/voël/plant waarna die span vernoem is. Die vlag word slegs gebruik as die span optree.

55. <u>Wanneer word ' n Kommanadovaandel gebruik?</u>
Deur die kommando by feesgeleenthede en funksies.

56. <u>Waarvoor word 'n Kommando- en spanvlag gebruik?</u>
Om 'n groep saam te bind en te motiveer en mag nooit die plek van die 2 amptelike vlae inneem nie.

57. <u>Waaruit bestaan 'n Voortrekkerspan?</u>
-Uit jeuglede van 'n sekere oudersdomgroep of graadgroep
-Offisier
-Heemraadslid
-Spanleier
-Adjunkspanleier

58. <u>Hoe lyk die rangkentekens van die volgende Penkop of Drawwertjie?</u>
-Hoofspanleier…… 3 x Oranje klokkies.
-Spanleier. 2 x Oranje klokkies.
-Adjunkspanleier. 1 x Oranje klokkie

59. <u>Wat beteken die kompasse op die rangkenteken van die offisiere?</u>
Dit wys rigting aan.

60. <u>Wat is die rangkenteken van die volgende Offisiere?</u>
-Kommandoleier….. 3 x Blou kompasse.
-Adjunkkommandoleiers….2 x Blou kompasse.
-Veldkornet. 3 x Groen kompasse.
-Adjudant. (Offisier) 2 x Groen kompasse.

61. <u>Wat is 'n Veldkornetskap?</u>
Spanne word saam gevoeg om 'n veldkornetskap te vorm bv. Penkoppe en Drawwertjies

62. <u>Wat word die leier van 'n veldkornetskap genoem?</u>
Veldkornet

63. **Waaruit bestaan 'n Kommando?**
Adjudante, Heemraadslede en Veldkornetskappe

64. **Wie is die leier van 'n Kommando?**
Kommandoleier

65. **Wie help die kommandoleier om die Kommando te lei en bestuur?**
Adjunkkommandoleiers (dagbestuur)

66. **Waaruit bestaan 'n Kommando*dagbestuur*?**
-Kommandoleier
-Adjunkkommandoleiers: Administrasie, Finansies en ander AKL's na behoefte van die Kommando.

-Veldkornette } Kan genooi word
-Heemradeverteenwoordiger} deur dagbestuur

67. **Waaruit bestaan 'n *kommandobestuur*?**
-Kommandoleier
-Adjunkkommandoleiers
-Veldkornette
-Adjudante/Offisiere
-Heemraadslede

68. **Wie vorm die *offisiereraad* van 'n Kommando?**
-Dagbestuur
-Veldkornette -Adjudante/Offisiere

69. **Wat is 'n Oord?**
Kommando's word saamgevoeg in 'n sekere geografiese area om 'n Oord te vorm om samewerking tussen kommando's te vergemaklik en aan te moedig.

70. **In watter oord is jou kommando geleë?**
Oord Pretoria Moot

71. **Waaruit bestaan 'n *Oorddagbestuur*?**
-Oordleier - is ook die voorsitter van die oordbestuur
-2 Adjunkoordleiers

72. **Waaruit bestaan *die Oordbestuur*?**
-Oorddagbestuur
-Kommandoleiers van die oord

73. **Hoe lyk 'n Oordleier en Adjunkoordleier se rangkentekens en wie is die leiers?**
-Oordleier… 3 x Rooi kompasse
-Adjunkoordleier 2 x Rooi kompasse
-Adjunkoordleier 2 x Rooi kompasse

74. **Waaruit bestaan 'n streek?**
Oordbestuur en Gebiedsbestuur kan kleiner groepe kommando's in die oord in streke groepeer met 'n streekleier in beheer. Slegs streekleier dra rangkenteken.

75. **Waaruit bestaan 'n gebied**
Aantal oorde vorm 'n gebied.

76. **Waaruit bestaan die *Gebiedsbestuur*?**
-Gebiedsdagbestuur.
-Alle Oordleiers.

77. **Waaruit bestaan 'n *Gebiedsdagbestuur*?**

-Gebiedsleier - is ook die voorsitter van die gebiedsbestuur
-Adjunkgebiedsleiers

78. Hoe lyk die Gebiedsdagbestuur se rangkentekens en wie is die bestuur?

(elke gebied vul eie name in)

-Gebiedsleier (GL) 3 x Silwer Wiele

-Adjunkgebiedsleier (AGL) 2 x Silwer wiele

-Adjunkgebiedssekretaris (AGS) 2 x Silwer wiele

79. Waaruit bestaan die *Hoofbestuur*?

-Hoofdagbestuur
-Afgevaardigde lede van die gebiedsdagbesture
-Skakeldraer
-Vergader minstens 2 x per jaar

80. Waaruit bestaan *die hoofdagbestuur*?

-Hoofleier
-Adjunkhoofleiers
-Die Hoofleier en adjunkte word tydens die 4 jaarlikse kongres verkies waar alle kommando's verteenwoordig is.

81. Hoe lyk die Hoofdagbestuur se rangkentekens en wie is die bestuur?

-Hoofleier (HL) 3 x Goue Gekruisde Fakkels - Piet Strauss

-Hoofsekretaris (HS) 2 x Goue Gekruisde Fakkels - Lukas de Kock (Admin)

-Adjunkhoofleiers (AHL) 2 x Goue Gekruisde Fakkels - Schalk van Vuuren (Finans)

-Adjunkhoofleiers (AHL) 2 x Goue Gekruisde Fakkels - Sias Mostert (P/D, Staatmakers)

-Adjunkhoofleiers (AHL) 2 x Goue Gekruisde Fakkels - Ferdi Smit (Verkenners)

-Adjunkhoofleiers (AHL) 2 x Goue Gekruisde Fakkels - Annatjie Blignault (Volwasse sake)

82. Wie tree namens die Hoofbestuur op as hulle nie in sitting is nie?

-Hoofdagbestuur – neem besluite, gee opdragte en sien toe dat besluite van die hoofbestuur en kongres uitgevoer word.

83. Wie het die hoogste gesag in Die Voortrekkers?

Kongres
Omdat kongres net elke 4 jaar vergader tree hoofdagbestuur namens kongres op
Kongres in 1997 gehou te Hartenbos
Kongres in 2001 gehou te Pretoria
Kongres is in 2005 gehou te Drakensville

84. Hoe lyk die Verkenners se rangkentekens?

- Gebieds Jeuleiers 3 x Groen Kruithorings met silwer rand
- Oord Jeuleiers 3 x Groen Kruithorings met rooi rand
- Kommando Jeugleiers 3 x Groen Kruithorings.
- Spanleier. 2 x Groen Kruithorings.

85. Wat is 'n kamp en hoekom wil ons dit doen?

Dit is wanneer 'n groep Voortrekkers weg van die huis af kamp om vir hulle self te sorg,
-mekaar beter te leer ken
-kennis uit te brei,
-dinge te doen
-leiding te neem
-selfstandig op te tree
-natuur te leer ken
-God se skepping te ken en te dien

86. Noem die verskillende kampe in die Voortrekkers?

- Spankamp.
- Kommandokamp.
- Oordkamp.
- Gebiedskamp.
- Nasionale kamp (soos 75 jarige feeskamp)

87. Reëls vir vuurmaak in die veld:

-Hou wind dop
- maak vuur op aangewysde plek
-nie onder bome naby plante vuurmaak nie
-maak skoon plekkie in gras, met klippe om
-vermy kragdrade en kabels
-vuur nie alleen laat nie
-blus vuur behoorlik
-NIE petrol of paraffien gebruik om vuur aan die brand te kry nie!!

88. Wat is die vereistes vir 'n goeie terrein om te gaan kamp?

-Voldoen aan vereistes van program
-bereikbaar wees
-veilig wees
- wilde diere
- riviere

-skoon drinkwater hê
-genoeg skuiling bied
-pasop vir wind en oortroming
-veilige vuurmaakplek

89. Moet daar reëls op 'n kamp wees en hoekom en noem 'n paar?

Ja, anders sal daar chaos heers.
-Gehoorsaam fluitseine,
-Gehoorsaam oproepe en bevele
-mag nie kamp verlaat sonder toestemming
-nie plante, geboue of meubels beskadig nie,
-medisyne inhandig
-waardevolle artikels tuislaat
-nie rommel strooi nie
-nie vuurmaak sonder toesig nie
-dogters/seuns nie in mekaar se kamers/tente nie

90. Noem die verskillende knope wat ons in Die Voortrekkers gebruik?

-Skuifknoop - heg twee ewe dik toue om bv. hout te bind, skoenveters, noodhulp
-Voorslagknoop – dun & dik tou heg – vlag aan hystou vas te maak
-Kniehalterslag – vlagtou aan paal vasmaak & kampgeriewe te maak
-Kruisvaswoel – kampgeriewe bv hanggerief aan tentpaal.

91. Volgens wat word stads- en dorpskaarte geteken?

Volgens skaal bv. 1 cm op kaart = 5 km

92. Hoe word krom stepe en lyne op 'n kaart gemeet?

Met n stukkie tou . Sit tou al op die strepe --- vat die tou dan en meet dit dan met n liniaal , so bepaal jy jou afstand.

93. Waarmee bepaal 'n mens rigting?

-Kompas
-Horlosie, stokkie en son metode
-Skaduwee
- *Vroegoggend* val skaduwee wes van jou
- *Laatmiddag* oos van jou

- *Middel van dag* suid van jou
-Sterre, Suiderkruis
-Son kom in ooste op en gaan in weste onder

94. **Hoe lyk 'n kompas?**
Moderne kompas deur Lord Thomas Kelvin ontwerp.
-Bestaan uit 1 of meer gemagnetiseerde staalnaalde wat op saffierbussie draai en omhul deur koper of glas.

95. **Watter Noord wys 'n Kompas aan?**
Magnetiese Noord maar is nie ware noord. In SA wys kompasnaald 20 grade wes van ware noord = magnetiese deklinasie/afwyking.

96. **Waar sit Noord op 'n kaart?**
Bo aan 'n kaart

97. **Waar kan 'n jy jou familie geskiedenis naslaan?**
By Buro vir Herhaldiek = familiewapens/vlae - argief.

98. **Wat is 'n geslagregister?**
'n Lys inligting wat opgeskryf is van jou ouers, grootouers ens.

99. **Wat is 'n ander naam vir "stamland"?**
Land van herkoms van 'n familie

100. **Watse soort boom is 'n stamboom?**
Tipe familieregister

101. **Waar kan jy inligting kry oor jou voorgeslagte?**
Die Argief.

102. **Leierseienskappe:**
-Glo in sy Skepper - dit vorm die grondslag en vertrekpunt van sy optredes
-Positiewe houding teenoor die lewe: liefde vir ander, goeie lewenswaardes en prestasies
-Glo in homself – gemotiveerd, het ambisie en ervaar positiewe gevoelens
-Win voortdurend nuwe kennis in – deel dit met ander
-Beskik oor lewensvaardighede en vermoëns – wend dit aan tot sy groep

103. **Is groepsdruk altyd negatief?**
Nee

104. **Het elke mens die reg om 'n eie godsdiens en kultuur te beoefen en te bevorder?**
Ja

105. **Is dit reg om maar altyd net stil te bly, bv jy het slegte tamaties gekry in jou kissie, wat sal jy doen?**

106. **Waar in noodhulp gebruik ons die skuifknoop?**
3hoek verband

107. **Met watse knoop begin ons om 'n kruisvaswoel te maak?**
Kniehalter

108. **Waar sal ons 'n kruisvaswoel gebruik?**
Hanggerief, kampmeubels, vlotte ens

109. **Ken jy die alternatiewe manier van 'n kniehalterslag maak?**
Twee lussies maak oormekaar sit en op stokkie plaas.

110. **In watter jaar het Suid-Afrika 'n Republiek geword?** 1961

111. **Wat word as basis gebruik vir alles wat Die Voortrekkers doen?**
Bybels - Christelike lewens - en wêreldbeskouing

112. **D ie V oortrekkers is 'n kultuur beweging, verduidelik die woord kultuur…**
Kultuur is die somtotaal (alles) van menslike handelinge. Dit wat eie is aan jou volk.

113. **Wat beteken UNIE?**
Onder invloed van ander land geregeer word (bv Brittanje het oor SA regeer voor SA 'n republiek geword het.)

114. **Wanneer is die Unie van SA gestig?**
31 Mei 1910. Namibie is nie by SA ingelyf nie.

115. **Wat is 'n REPUBLIEK?**
Eie Regering

116. **Wanneer het SA 'n Republiek geword? (Sien no 110)**
31 Mei 1961. Dieselfde vlag en volkslied word behou met republiekwording as wat gebruik is tydens Unie.

117. **Verduidelik wat jy onder 'n REFERENDUM verstaan?**
Verkiesing waarvoor slegs Ja of Nee gestem word

118. **Wat is 'n SANKSIE?**
Ander lande voer nie meer items na SA uit nie.

119. **Wat is 'n REVOLUSIE?**
Wanneer 'n land in opstand kom en skade aan eiendom aanrig, 'n klein oorlog

120. **Wat is DEMOKRASIE?**
Vryheid en gelykheid vir almal. SA het demoratiese regering gekry in 1994 toe Nelson Mandela vrygelaat is. Ons het ook 'n nuwe volkslied en vlag gekry.

121. **Wat is OUTOKRASIE?**
Een persoon regeer oor almal

122. **Watter kenteken wys aan watter "Voortrekkergroep" jy behoort?**
P – Penkop
D – Drawwertjie
V – Verkenners
Fakkel – Offisier
Blou Kremetartboom – Staatmakers

123. **Watter kenteken kry jy vir getroue bywoning in D ie V oortrekkers?**
Skeie en (voor)Jukke na 5 jaar diens
Jukskei – verskillende kleure per jaar. Voorjuk na 5 jaar diens.

124. **Watter kenteken wys watter jaar se Voortrekkerwerk jy al afgehandel het?**
Graadwiele

125. **Hoe kan jy weet 'n Spesialisasie is as P/D of as Verkenner gedoen?**
Kenteken se randjie se kleur verskil
Oranje vir PD
Groen vir Verkenners

126. Watter spesiale kenteken kan jy kry as jy die gebiedsvoorslagkamp geslaag het
Voorslagkenteken (Brons, silwer of Goud)

127. Mag die Voorslagkenteken op die Verkenner erkenningsbaadjie(onderbaadjie) gedra word?
Ja

128. Watter 4 Spesialisasies kan met die belofte geassosieer word?
Afrikanerkind
Erfgrond
Medemens
Godsdiens

129. Moet minstens een van bg in die gr 7 jaar gedoen wees om te kwalifiseer vir Voorslag toelating?
Ja

130. Kan iemand wat in die graad 7 jaar eers aangesluit het by Die Vortrekkers ook kwalifiseer vir Voorslag?
Ja, maar slegs vir Voorslag Brons.

131. Wie is die Verkenners en waar kom die naam vandaan?
-Dit is Voortrekkers in die Hoërskool (Gr 8 – 12)
-Naam kom van die geskiedenis – jong mense moes die omgewing tydens oorloë verken.
-Rangkentekens is groen kruithorings.
-Gr 12's kan hoofleierswag toekenning ontvang en daarna Presidentsverkenner (hoogste toekenning vir Gr 12 ontvang).

132. Wat is die Voorslag toekenning?
-Hoogste toekenning vir Penkop en Drawwertjie.
-Moet reeds Dagbreekgraadwiel hê = graadwiel vir gr 7 werk afgehandel
-Nodige toelatingsvereistes soos uiteengesit in Prospektus vir voorslagkandidate (sien vereistes in jou prospektus)
-Voorslagkamp bywoon

133. Ek as Afrikaner (lees in boek)
Geboorteland – Afrikaner – trots op land
Moedertaal – Afrikaans – groei nog steeds
Geskiedenis – om kennis te neem van jou herkoms en op die goeie te bou
Leefwyse vandag – leef soos Christen Afrikaners en tree so op
Ideale – drome vir die toekoms vir die Afrikanervolk
Geestelike waardes – Geloof en lewe volgens die Bybel se riglyne

134. Wat word Voortrekkers op Universiteit en jong werkende mense genoem?
Staatmakers

135. Aktiewedrag mag gedra word by:
Spanbyeenkomste
Kommandobyeenkomste
Voortrekkerkampe

Hoe verskil aktiewedrag en formele drag:
Aktiewe drag : Rooi/wit/blougholfhempie met Voortrekkerwapen, blou broek, verkieslik van 'n denim materiaal.seilskoene(tekkies)/sandale/kaalvoet

Formele drag rooi/wit/blou gholfhempie met Voortrekkerwapen, **donkerblou** langbroek, verkieslik van 'n denim materiaal, seilskoene/tekkies/toerygskoene en erkenningsbaadjie

136. **Aktiewedrag of Formeledrag mag NIE gedra word by:**
Politieke byeenkomste nie!!!

137. **Fluitsein vir ete?**
4 kort -1 lank-1kort .Kos-is-op-die-taaa-fel
ook belangrik is **SOS -** 3 kort-3 lank-3 kort

138. **Hoekom sing jy?**
-Om respek vir jou kultuur te ontwikkel
-dit mooi en lekker is
-selfvertroue te kweek
-vryetydsbesteding
-verlig eensaamheid, skep 'n gees van samehorigheid en gemoedelikheid.
- feite aan te leer

139. **Wenke vir 'n sangleier**
-Berei goed voor
-Kies liedjies wat by jou persoonlikheid pas
-Verduidelik en demonstreer goed wat jy verwag
-Laat die groep staan as julle sing – of om 'n kampvur sit
-Herhaal opdrag as jy nie tevrede is nie
-Prys hulle vir goed opgevoerde items
-Tree vriendelik en entoesiasties op
-Wag vir algehele stilte voordat jy praat
-Hulpmiddels (CD/bandspelers, tuisgemaakte instrumente, uitdeelstukke) wat werk kan gebruik word.

140. **Speletjies**
-Kies speletjies wat by die geleentheid pas
-Moet pas by ouderdomsgroep
-Plek en apparaat speel 'n rol by keuse van spel
-Leer nuwe speletjies aan
-Getal deelnemers bepaal ook tipe spel
-Wissel bewegingsspele af met rustiger speletjies

141. **Wenke vir spelleier**
-Wees goed voorbereid – sorg ook vir apparaat
-Gebruik 'n fluitjie (by groot groepe) om aandag te kry
-Wees entoesiasties
-Nie-deelnemers moet aangemoedig word maar nie gedwing word nie
-Gee erkenning en moedig heeltyd aan
-Praat wanneer daar stilte is
-Oefenrondte kan gedoen word indien speletjie onbekend is

142. **1652** - Jan van Riebeeck kom in die Kaap aan

143. **1836** - Groot Trek

144. **1899-1902** - Anglo-Boereoorlog (tweede vryheidsoorlog)

145. **1913** - Dr CF Visser (ook bekend as Vader Visser) maak planne vir die stigting van 'n Afrikaanse Jeugbeweging